

# WIE EN WAT WAS DIE VERLIGTES? DIE BYDRAE VAN AT VAN WYK EN ANDER VERLIGTE AFRIKANERS

Melanda Blom<sup>1</sup>

## Summary

*In the years after 1948, apartheid was used as a “political instrument” to bring about Afrikaner unity which would foster an exclusive Afrikaner nationalism and ensure Afrikaner domination. As early as 1949, dissident Afrikaner Nationalists were expressing doubts about the morality of apartheid and trying to change Afrikaner thinking. By 1966, “verligtes” (such as Van Wyk Louw, At van Wyk and certain newspaper editors) were urging reform and working for a change in political views. On account of his upbringing and early convictions, At van Wyk at first believed that NP leaders “knew” what was best for the Afrikaners; but later he came to realise that apartheid could only result in humiliation and impoverishment. This was the start of a painful pilgrimage away from his passive acceptance of the destructive forces unleashed by apartheid, yet he never committed himself to multiracial development; what he envisioned, rather, was a just division of power. Despite their estrangement from the NP, the influence of the “verligtes” grew. They did not share the view that Afrikaner power could only be maintained by legislation. From the seventies onward they believed that negotiations with the ANC were essential for the achievement of a democratic system. Their chief heritage was an openness to change, within which Afrikaners could achieve a just share of a democratically elected government in 1994 and survive in their own right*

---

## 1. INLEIDING

Sedert die aankoms van die eerste Europeërs in die Kaap is skeiding tussen rassegroepe bewerkstellig, wat voor 1948 omskep is in die beginsel van “segregasie”.<sup>2</sup> Na 1948 is apartheid deur die Nasionale Party (NP) as politieke “instrument” gebruik om eenheid onder Afrikaners en die steun van konserwatiewe Engelssprekendes<sup>3</sup> te verkry. Apartheid was dus ’n metode om die politiek op só ’n wyse te struktureer dat dit inklusiewe “blanke harmonie” en oppergesag sou beskerm en verskans. Die NP was die politieke magsbasis wat die voortbestaan en oorlewing van die Afrikaner-volk verseker het en sodoende die vrees vir verswelging, assimilasie, integrasie en oorheersing deur die “swart gevaar” hokgeslaan het. Eksklusiewe Afrikaner-nasionalisme het ontwikkel (dit was al daar voor 1948) en Afrikaner-oorheersing is

---

<sup>1</sup> Departement Geskiedenis, Universiteit van Suid-Afrika. E-pos: blomm@unisa.ac.za

<sup>2</sup> JP Brits, *Op die voorand van apartheid. Die rassevraagstuk en die blanke politiek in Suid-Afrika, 1939-1948* (Pretoria, 1994), p. 8.

<sup>3</sup> Afrikaners het in die twintigste eeu ’n eksklusiewe beeld gehad, wat hulle stelselmatig verloor het toe Engelssprekendes en gekleurde Afrikaanssprekendes tot die Afrikaner-geledere toegetree het.

vir vier dekades verseker.<sup>4</sup> Reeds na die Tweede Wêreldoorlog is swart nasionalisme, swart verstedeliking en internasionale teenkanting teen rasseseiding as bedreigings vir Afrikaner-voortbestaan beskou.<sup>5</sup>

## 2. KRITIESE AFRIKANER-DENKE OOR APARTHEID KRY SY BESLAG

Sedert 1949 het sekere Afrikaners, bekend as andersdenkende Afrikaner-nasionaliste,<sup>6</sup> hulle ontevredeheid oor veral die morele onaanvaarbaarheid van apartheid te kenne gegee en gepoog om Afrikaner-denke te verander. Hulle het hervorming binne die NP beklemtoon, maar het steeds lidmaatskap van die NP behou en deurgaans Afrikaner-nasionalisme gepropageer. Hulle het bly glo dat die NP, ondanks tekortkominge, die enigste regering was wat die land na 'n beter politieke bedeling kon lei, en gemeen dat onderhandelinge met swartes, soos die African National Congress (ANC), noodsaaklik was om 'n demokratiese Suid-Afrika moontlik te maak. Hierdie andersdenkendes was die voorlopers van die verligte Afrikaners<sup>7</sup> wat in 1966 in die NP na vore getree het in 'n poging om Afrikaners tot verandering, hervorming en aanpassings wat moreel aanvaarbaar sou wees, aan te moedig.<sup>8</sup>

In hierdie gevallestudie word veral klem gelê op At van Wyk,<sup>9</sup> sowel as koerantredakteurs Piet Cillié, redakteur van *Die Burger* (1954-1977) en Schalk Pienaar, redakteur van *Rapport* (1965-1970) en *Beeld* (1974), se ervarings, beriggewings en vernuwende Afrikaner-denke wat hervorming binne die NP wou bewerkstellig.

<sup>4</sup> J Vorster, Inligtingsdiens van die NP van SA, "Ek vrees die toekoms nie", *Skietgoed*, 10 April 1976, p. 3519; MC Smit, Die Konserwatiewe Party en die algemene verkiesing van 1987, M.A.-verhandeling, Randse Afrikaanse Universiteit, 1991, pp. 9-10; PC Beukes, 'n Staatkundige ontleding van die 1989 parlementêre verkiesing in die Republiek van Suid-Afrika, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1991, pp. 73-74; JG Chandinha, Magsdeling en magsverdeling. 'n Vergelykende studie van beginselprogramme van blanke politieke partye in Suid-Afrika sedert 1948, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1984, pp. 1, 2 en 37 en AH van Wyk, Die rol van die verligtes in die Nasionale Party in die politieke ontmagtiging van die Afrikaner, 1966-1994, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2005, pp. 3-4.

<sup>5</sup> *Rapport*, 10 November 2002; SW Pienaar, "Die Afrikaner en sy koerant", *Standpunte* 108 26(6), Augustus 1973, p. 2; H Giliomee en H Adam, *Afrikanermag opkoms en toekoms* (Stellenbosch, 1981), p. 77.

<sup>6</sup> Dié andersdenkende Afrikaners was die voorlopers van die verligte Afrikaners wat in 1966 in die NP na vore getree het.

<sup>7</sup> Verligte Afrikaners was die voorstanders van veranderinge binne apartheid en binne die raamwerk van Afrikaner-oppergesag. Die term "verligtes" het in die laat tagtigerjare en vroeë negentigerjare 'n betekenisverandering ondergaan en deel gevorm van 'n groep wat vinnige verandering van die NP-beleid voorgestaan het.

<sup>8</sup> At van Wyk, pp. 8 en 137.

<sup>9</sup> At van Wyk was 'n joernalis, akademikus en politieke historikus. Hy het sy BA- en BA Hons-graad in Geskiedenis in 1954 voltooi en as verslaggewer by *Die Volksblad*, die SAUK, *Die Nataller*, *Die Transvaler* en Republikeinse Publikasies-uitgewery gewerk. Hy het sy doseerloopbaan in 1969 by die Universiteit van Durban-Westville begin en dit in 1992 by UNISA se Departement van Geskiedenis afgesluit. Kyk FA Mouton, *Kleio* XXIV, 1992, p. 10.

At van Wyk was sedert die dertigerjare 'n NP-ondersteuner, maar vanweë sy opvoeding het hy nie oor die morele aanvaarbaarheid van die NP-beleid gedink nie. Hy is deur sy ouerhuis, onderwysers, Afrikaanse koerante, die Nederduits Hervormde Kerk asook deur Afrikaanse feesvierings, soos Gelofte­dag, geïndoktrineer sodat hy geglo het dat 'n ware Afrikaner die NP blindelings moes ondersteun. Op dié wyse was die regerende party in die Afrikaner se bloed en is daar sonder meer aanvaar dat sy leiers “geweet” het wat goed is vir die Afrikaner-volk. Die gevolg was dat die Afrikaner-nasionaliste voorstanders van 'n konserwatiewe en gekonformeerde samelewing was, waarbinne individuele en kritiese denke nie aangemoedig is nie en “afwykendes” geïsoleer is. Ware Afrikaners was gevolglik blindelings lojaal aan die Party, sy leiers en die voortbestaan van die “Afrikaner-volk”.<sup>10</sup>

At van Wyk het in sy boek *The birth of a new Afrikaner*<sup>11</sup> gemeld dat die toepassing van die apartheidsbeleid vernedering, degradering en verarming vir alle rasse tot gevolg gehad het. Hy het met die vraag geworstel: waarom het Suid-Afrikaners, en in besonder Afrikaners, wat hulle politieke oortuigings op Christenskap gebaseer het, so 'n onderdrukkende beleid soos apartheid ondersteun? Meer nog: hy het homself op 'n lang en pynlike pad bevind, weg van die passiewe aanvaarding van 'n destruktiewe mag wat deur apartheid veroorsaak is. As Afrikaner het hy besef dat dit vir die nageslag al hoe moeiliker sou word om apartheid, veral ten opsigte van menseregte, aan die res van die wêreld te verduidelik. Van Wyk verwys ook in sy boek na sy haatspraak as kind teenoor swartes, terwyl hy homself as 'n vrome Christen beskou het. Terselfdertyd het Afrikaner-nasionaliste voor Uniewording haat aangeblaas teenoor Brittanje, Engelssprekendes en swartes. Hy wou gevolglik in sy boek aan sy kinders en kleinkinders sy betrokkenheid by en ondersteuning van apartheid verduidelik, asook dat hy met verloop van tyd besef het dat hy in werklikheid 'n “vals god” binne apartheid gedien het.<sup>12</sup>

Gedurende sy loopbaan as akademikus het hy sy intense liefde vir geskiedenis geopenbaar. As politieke historikus het hy sy standpunte in wetenskaplike tydskrifte, artikels, boekbesprekings en koerante gepubliseer, met die nodige loyaliteit teenoor die NP. Sy onbuigsame eerlikheid, veral ten opsigte van homself, asook sy religieuse uitgangspunt was opvallende kenmerke van sy persoonlikheid. Die Soweto-opstande (1976) en sy studie van die swart geskiedenis en in besonder dié van die ANC, het die vraag na die sinvolle toepassing van apartheid opnuut na vore laat kom. As vurige individualis was hy altyd bereid om deel te neem aan debatte oor aangeleenthede soos die onderdrukkende toepassing van apartheid, 'n saak waaroor hy sterk gevoel het. Tog was hy bang om uit die Afrikaner-*establishment* uitgesluit te word.<sup>13</sup>

<sup>10</sup> FA Mouton, *Voorloper. Die lewe van Schalk Pienaar* (Kaapstad, 2002), p. 356 en AH van Wyk, pp. 125- 126.

<sup>11</sup> A van Wyk, *The birth of a new Afrikaner* (Cape Town, 1991).

<sup>12</sup> Mouton, At van Wyk, pp. 125-126.

<sup>13</sup> *Ibid.*, pp. 10-11.

Van Wyk Louw, ’n akademikus en bekende Afrikaanse letterkundige, en later ’n verligte Afrikaner-nasionalis, het in sy konsep van “liberale nasionalisme” die inspirasie in die pragmatiese stryd binne die NP geword om outoritêre Afrikaner-nasionalisme te temper. In sy boek *Liberale Nasionalisme* (1958) verduidelik hy dat nasionalisme sowel as liberalisme behoudende faktore van apartheid moet wees. Hy het liberalisme, wat multinasionalisme as doelstelling vooropgestel het, verwerp. As Nasionalis was Louw ’n voorstander daarvan dat alle Suid-Afrikaners hulle eie identiteit moes behou. Hierteenoor het liberalisme veronderstel dat Afrikaners, as een van baie volkere, vryheid met gelyke erkenning vir almal moes verkry. Louw het geargumenteer dat as Afrikaners se stryd om oorlewing nie moreel geregverdig kan word nie, dit van binne sou verkrummel. Koerantredakteurs soos Cillié en Pienaar, wat aanvanklik ’n idealistiese siening van die NP gehad het, het Louw se seining ondersteun dat dié party vryheid vir alle Suid-Afrikaners moes bewerkstellig en krities oor die morele aanvaarbaarheid van apartheid moes besin. Daar moes ’n kompromie tussen “baasskap” en ’n “gemeenskaplike gemeenskap” wees – Afrikaners en swartes moes, as aparte volke, elk met sy eie volks- of groepsidentiteit voortbestaan.<sup>14</sup>

### 3. KLEURLINGE WORD “STEMLOOS”

Voor 1966 het die andersdenkendes apartheid as NP-beleid entoesiasties aanvaar en teen kritiek verdedig. Mettertyd het hulle binne die NP krities begin word oor die onderdrukkende aspekte van die NP-beleid van onder meer “baasskap”. Reeds onder DF Malan (1948-1954) en advokaat JG Strijdom (1954-1958) het hulle die moraliteit van apartheid begin bevraagteken.<sup>15</sup> Tog het die andersdenkendes kritiek, wat apartheid as rassisties beskryf het, verwerp en integrasie met die swart meerderheid afgekeur, want dit sou volgens hulle die einde van die blanke minderheidsgroep beteken. Blanke politieke beheer en bevoorregting is verseker toe die gevaar van die “bruin stem”<sup>16</sup> besweer is. Kleurlingkiesers is op ’n afsonderlike kieserslys geplaas toe die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers (Wet 46 van 1951)<sup>17</sup> tydens ’n parlamentsitting in 1956 finaal bekragtig is. Nasionaliste soos Flip Olivier, LP vir Fauresmith, het met die uitlating “ons moet ons nie verlaag deur met

<sup>14</sup> Vorster, p. 3519; Beukes, pp. 73-74; Chandinha, pp. 1, 2 en 37 en AH van Wyk, p. 8.

<sup>15</sup> AH van Wyk, pp. 4-5.

<sup>16</sup> In 1948 was daar ongeveer 40 000 bruin kiesers op die gemeenskaplike kieserslys en van hulle het die oorgrote meerderheid die NP teengestaan. In 1952 is die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers deur die Parlement aangeneem, wat die bruin kiesers op 'n aparte kieserslys geplaas het. Kleurlingkiesers was ontugter vanweë die aanslag op hulle politieke regte. Kyk AH van Wyk, p. 6.

<sup>17</sup> L van Schoor, Regse verset as 'n internasionale verskynsel met spesifieke verwysing na die RSA: 1969-1994, M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1998, p. 16; HB Giliomee, *The Afrikaners biography of a people* (Cape Town, 2003), p. 500.

die Hotnots te assosieer nie”,<sup>18</sup> dié wetgewing ondersteun in teenstelling met die andersdenkendes. Cillié en Pienaar het die NP opponer met die uitlating: “Hoe kan Afrikaners, wat ’n lang en bloedige stryd teen Britse imperialisme gevoer het, die swartman [en die bruinman] se waardigheid en vryheid [so] misken?”<sup>19</sup> Cillié het “afsonderlike vryhede” vurig onderskryf, maar het die stryd tussen die Boere en die Engelse en die stryd tussen wit en swart of wit en bruin voorgelou as konflikte wat onlosmaaklik verweef is. Hy was van mening dat kleurlingbetrokkenheid in blanke verkiesings tot rassetspanning aanleiding kon gee. Pienaar het toe reeds gemaak dat die kleurling tot die politiek sal terugkeer, die NP sal verdeel en tot verandering en hervorming sal dwing.<sup>20</sup>

At van Wyk het Cillié en Pienaar se siening ondersteun en het die aparte kleurlingkieserslyste as onderdrukkend en negatief beskou. Die kleurling se posisie was, volgens Van Wyk, meer onseker as dié van die swartes, aangesien hulle deur die NP se besluit ’n “stemlose” groep gemaak is, tot voordeel van die NP en sy Afrikaner-kiesers. Van Wyk het dit benadruk dat die regering wat eendersdenkendheid vereis het, steeds onverdraagsaamheid teenoor die andersdenkendes in eie geleedere openbaar het. Die andersdenkende Afrikaners is, volgens hom, as pragmatiesgesind bestempel en as opswepers deur die regering uitgekryt.<sup>21</sup>

NP van Wyk Louw het ook geweier om te aanvaar dat wetgewing nodig was vir die magshandhawing van Afrikaners. Volgens hom het die uitsluiting van kleurlingstemme ’n dieper wig tussen kleurling en Afrikaner ingedryf. Hy het nie dié beleid in die openbaar gekritiseer nie, maar daarop gereageer met gedagtes oor Afrikaner-oorewing in ’n artikel getiteld “Kultuur en krisis” wat in ’n Afrikaanstalige tydskrif, *Die Huisgenoot*, in Augustus 1952 gepubliseer is. Dié gedagtes sou by Afrikaners oor die volgende vier dekades bly spook en telkens in debatte, veral deur verligte Afrikaners, opgehaal word. Vir hom was Afrikaner-oorewing alleenlik moontlik op grond van morele waardes. Hy het gewaarsku teen die grootste versoeking waarvoor ’n volk te staan kan kom, naamlik om te glo dat blote voortbestaan verkieslik is bo die “voortbestaan in geregtigheid”. Vir hom was Afrikaner-voortbestaan, wat tot nadeel van ander volksgroepe was, onaanvaarbaar en hy het verkies om eerder onder te gaan as om in ongeregtigheid te bly voortbestaan.<sup>22</sup>

In teenstelling met van die andersdenkendes se uitlatings, het Verwoerd (SA se eerste minister vanaf 1958 tot 1966) na sy bewindsaanvaarding duidelik laat blyk dat daar geen toegewings binne die rigiede apartheidsbeleid sou wees nie. Kleurlinge moes beskou word as ’n “nasie in wording”. Eendersdenkendheid binne NP-geleedere

---

<sup>18</sup> A van Wyk, p. 11.

<sup>19</sup> Mouton, *Voorloper*, p. 33.

<sup>20</sup> Giliomee, p. 450; A van Wyk, p. 12.

<sup>21</sup> A van Wyk, pp. 9, 11 en 21.

<sup>22</sup> AH van Wyk, pp. 7- 8.

is vereis en daar is gemaak dat kritiek en protes binne eie geleedere uitgespreek moes word en nie in die openbaar, soos deur sekere Afrikaanse koerantredakteurs en andersdenkendes nie.<sup>23</sup>

#### 4. VAN WYK EN KOERANTREDAKTEURS BEPLEIT HERVORMING

Veranderde nasionale en internasionale situasies het die andersdenkendes laat beseef dat die NP-beleid uit pas met die res van die wêreld was. Die groei van Afrika-nasionalisme het die swartes in so 'n mate beïnvloed dat die Sharpeville-onluste van 21 Maart 1960 daaruit voortgespruit het. Harold Macmillan het in sy toespraak<sup>24</sup> van 3 Februarie 1960 die beleid van apartheid verwerp en die toename van buitelandse druk beklemtoon. Ten spyte van die toenemende isolasie van Suid-Afrika, het die rigiede toepassing van apartheid steeds voortgegaan. Van Wyk verwys onder meer na die rugbytoer van 1969-1970 toe die Springbokke (slegs blankes) onder die kapteenskap van Dawie de Villiers teen Brittanje gespeel het. Anderskleuriges het gevoel hulle word deur wetgewing uit 'n internasionale span gehou, gevolglik het hulle nie dieselfde sportbelewenis as blankes ervaar nie. Kortom: as gevolg van velkleur was hulle nie “goed” genoeg om Suid-Afrika internasionaal te verteenwoordig nie! Neerhalende aanmerkings oor swart mense was steeds algemeen onder die Afrikaner-nasionaliste en sportlui. Tog het Van Wyk deur sy navorsing en publikasies daarin geslaag om van hierdie spreekwyse ontslae te raak.<sup>25</sup> Die Vorster-regering moes gevolglik sy sportbeleid hersien om verdere internasionale boikotte te voorkom. Daar is gevoel dat “normale sport” nie in 'n “abnormale gemeenskap” beoefen kon word nie.<sup>26</sup>

Naas Cillié en Pienaar se verligte menings het koerantredakteurs, soos Ton Vosloo (*Beeld*), Harald Pakendorf (*Die Vaderland*) en prof. WJ (Willem) de Klerk (*Transvaler en Rapport* en broer van FW), deur hulle koerantkommentaar 'n klimaat geskep waarbinne die hervormingsprosesse vir die leserspubliek meer aanvaarbaar sou wees.<sup>27</sup> Hulle het Sharpeville as 'n waterskeiding in die politiek beskou en het verklaar dat die toekoms sou afhang van die wyse waarop die probleem van verstedelike swartes opgelos sou kon word. Dié redakteurs het ook daarop gewys dat die woord “apartheid” nasionaal en internasionaal negatiewe konnotasies gehad

<sup>23</sup> A van Wyk, p. 11.

<sup>24</sup> Harold Macmillan, Britse eerste minister, het op 3 Februarie 1960 aan die einde van 'n besoek aan verskeie Afrika-state, die Parlement in Kaapstad toegesprek. In 'n dramatiese toespraak het hy die blanke op die subkontinent gewaarsku dat die “winde van verandering”, die stormwind van Afrika-nasionalisme oor die Afrika-kontinent waai. Die boodskap was duidelik: Brittanje sou weens materiële en morele waardes nie 'n wit regering ondersteun wat in die weg van swart vryheid staan nie. Kyk Gilliomme, pp. 471-472.

<sup>25</sup> A van Wyk, p. 19.

<sup>26</sup> BJ Liebenberg en SB Spies (reds.), *South Africa in the 20<sup>th</sup> century* (Pretoria, 1993), p. 482.

<sup>27</sup> *Rapport*, p. 27; Pienaar, p. 2.

het, en het as alternatief die term “aparte vryheid” voorgestel. Hulle was ook in ’n toenemende mate krities in hulle kommentaar en berigging. Die regering is telkens gewaarsku dat alle mag nie onbepaald in die hande van Afrikaners gekonsolideer kon word nie. Die betrokke redakteurs het die mening gehuldig dat buitelandse afkeer alleen verbeter kon word deur positiewe beleidsdade en het gewaarsku dat indien die apartheidsbeleid nie omgekeer word nie, Suid-Afrika “die wêreld se muishond” sou wees.<sup>28</sup> Onder die Afrikaanstalige koerantredakteurs is De Klerk beskou as die nie-amptelike hoofideoloog van die verligte faksie binne die NP. Saam met Pienaar was hy die joernalis wat veral in Transvaal die meeste gedoen het om ou rassevooroordele af te breek en die aanvoorwerk vir ’n nuwe beleidsrigting te doen. Ondanks die pogings van die genoemde Afrikaanstalige koerantredakteurs en akademici soos At van Wyk om veranderinge deur opbouende kritiek teweeg te bring, het hulle in tye van onsekerheid min dank en erkenning van politieke leiers ontvang. Die rede daarvoor was dat die spanning tussen die pers, die verligtes en die regering aan die opbou was.<sup>29</sup>

Republiekwording in 1961 was vir Afrikaners die hoogtepunt in hulle strewe na selfbeskikking. Vir die swartes daarenteen was dit in ’n sekere sin die voortsetting van hulle stryd om politieke seggenskap en beheer van die land. Swart leiers, soos Nelson Mandela en Steve Biko, het swart nasionalisme onder die massas verder laat uitkring. Dieselfde kragte wat Afrikaners aangevuur het, het dus onkeerbaar in die hande van die swart massas geword. Die regering het gevolglik ’n hoë premie op staatsveiligheid geplaas om Afrikaners “gerus” te stel dat die politieke situasie onder beheer is.<sup>30</sup>

Toe Nelson Mandela in 1964 tot lewenslange tronkstraf gevonnissen is, het Piet Cillie van *Die Burger* geskryf dat die Rivonia-beskuldigings se stryd nie die eintlike vryheidstryd was nie. Die werklike stryd het gegaan oor diegene wat probeer verhinder het dat swartes ooit oor wittes sou regeer, aangesien apartheid veiligheid en stoflike belonings vir blankes beteken het.<sup>31</sup> Pienaar het gewaarsku dat geen gewapende magte sou kon keer dat swart nasionalisme seëvier nie. Hierdie koerantredakteurs het Afrikaners laat beseef dat binne ’n stabiele land aanpassings gemaak moes word. Cillie het gepoog om weg te kom van die beleid van konserwatisme en het met versigtige bewoording in die “Dawie-kolom” van *Die Burger* ’n veldtog teen “klein apartheid” geloods, omdat dit elke aspek van die lewe van anderskleuriges,

<sup>28</sup> Smit, p. 17; Giliomee en Adam, p. 213.

<sup>29</sup> Giliomee en Adam, p. 212; *Rapport*, p. 27.

<sup>30</sup> Van Schoor, pp. 167-168; Pienaar, pp. 1-2; AJG Müller, Die hervormingsinisiatiewe van die Nasionale Party, 1978 tot 1989, en die redes daarvoor, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1993, p. 63; L Thompson, *A history of South Africa* (Cape Town, 1990), pp. 187-188; JPC Mostert, *Politieke partye in Suid-Afrika. Blanke politieke partye met parlementêre verteenwoordiging, 1910-1985* (Bloemfontein, 1986), p. 82; AJH van der Walt, JA Wiid en AL Geyer, *Geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, s.a.), p. 590.

<sup>31</sup> *Rapport*, p. 27.

veral van die stedelike swartes, gereguleer het. Volgens die redakteurs het “klein apartheid” aparte vryhede in “groot apartheid” ondermyn - apartheid moes *meer* wees as blote aparte geriewe (“klein apartheid”) en goedkoop swart arbeid. Volgens andersdenkendes soos Schalk Pienaar en At van Wyk was dit ’n euwel om te dink dat ’n suksesvolle politieke bedeling met wette en regulasies bereik kon word. Pienaar het daarin geslaag om Afrikaners se gewetes wakker te skud oor die wyse waarop hulle die nie-stemgeregtigde meerderheid behandel het.<sup>32</sup> Van Wyk het ook daarop gewys dat die konsep van apartheid nooit deur ’n ander nasie, a.g.v. die miskenning van basiese menseregte, aanvaar is nie. Sodanige opmerkings het hom onpopulêr onder die “ware Afrikaners” gemaak Die andersdenkendes het egter oor die algemeen ’n versterking in eie geledere beleef deurdat intelligentsia, politici en ekonome hulle menings al hoe meer begin deel het.<sup>33</sup>

Verligtes soos Willem de Klerk het die Afrikaners op die gebreke van apartheid gewys, soos die onwerkbaarheid van ordelikheid deur skeiding; die onmoontlikheid om 21 miljoen swartes (1980-statistieke) op 30% van Suid-Afrika se grondgebied te vestig; die onbekostigbaarheid en immoraliteit van die beleid; rassisme as die grondslag van apartheid; die ontkenning van swart nasionalisme en die ingewikkeldheid van apartheid wat dit as beleid onwerkbaar maak.<sup>34</sup>

Ten spyte van die NP se mislukte tuislandbeleid, het die twee persgroepe (Nasionale Pers en Voortrekkerpers/Perskor) en ander verligtes, asook die Broederbond<sup>35</sup>, die NP bly ondersteun, maar was nie blind vir die onmenswaardige optrede deur die regering t.o.v ander rasse nie. At van Wyk het steeds besef dat hy as ’n Christen en Afrikaner-nasionalis, nasionaal moes *bly* stem, anders was hy uit pas met die meerderheid Afrikaners en geormerk as “nie ’n goeie Afrikaner nie”, in teenstelling met die “Bloedsappe” wat ook Afrikaners was, maar Engels-georiënteerde politieke partye sedert 1910 ondersteun het.<sup>36</sup>

## 5. VAN WYK SE ERVARINGS VAN APARTHEID

Van Wyk het in sy boek, *The birth of a new Afrikaner*, persoonlike belewenisse van klein apartheid beklemtoon, tog was sy ervaringe, binne die politieke klimaat in die land, baie wisselvallig. As student en in sy werksituasies kon hy sosiaal met anderskleuriges verkeer, maar sodra hy byvoorbeeld argiewe besoek het, het die

<sup>32</sup> Mouton, *Voorloper*, p. 34 en AH van Wyk, pp. 12 -13.

<sup>33</sup> A van Wyk, pp. 21 en 23 en AH van Wyk, p. 138.

<sup>34</sup> AH Van Wyk, pp. 8 en 137.

<sup>35</sup> Volgens JP Brits (*The Penguin concise dictionary of historical and political terms*, p. 7) was die Afrikaner Broederbond ’n geheime organisasie onder Afrikaanssprekende blankes wat in 1918 gestig is met as hoofdoel die bevordering van die politieke, kulturele en ekonomiese belange van Afrikaanssprekende blankes. Die Broederbond het Malan sedert 1934 ondersteun en ’n belangrike rol in die NP-verkiesingsoorwinning van 1948 gespeel en toenemend by die politiek betrokke geraak.

<sup>36</sup> A van Wyk, p. 13.



situasie verander. Die name van alle navorsers is in dieselfde boek geskryf, maar daarna is blank en nie-blank na onderskeie lokale - tog is *dieselfde* dokumente van *dieselfde* rakke deur *alle* rasse gebruik. Aansit-etes was *slegs* vir blankes, teenoor 'n venster-toonbank-kafee vir nie-blankes, waar die kos op die sypaadjie in die opelug geëet moes word. Voorts onthou hy hoe hy saam met anderskleuriges by Mooirivier om 'n vuur gesit en "iets" gedrink het. Toe daar 'n polisiemotor stop, is gevra: "Hoe kon 'n Nasionalis so optree?" As Afrikaner-nasionalis het hy telkens magteloos gevoel, aangesien hy deur wetgewing van sy medemens geskei *moes* word, om as Nasionalis staande te bly en sy werk te behou.<sup>37</sup>

Klein apartheid het ook die jeug, veral op skool- en kerkterreine, direk geraak. Van Wyk onthou hoe daar in die laat sestigerjare in die Sondagkoerant, *Rapport*, verwys is na 'n Afrikaanssprekende skoolier van Piet Retief, Sandra Laing, wat uit 'n blanke skool verwyder moes word, omdat sy nie "wit" genoeg, soos haar ouers, was nie. Volgens NP-beleid kon blank en nie-blank nie saam skoolgaan nie. Sy is ook uit haar gesin en die blanke gemeenskap verwyder. Hierdie soort voorval het die moraliteit van die staat en kerk onder die vergrootglas geplaas. Van Wyk het ook die vraag gestel: Hoe kan vrede in 'n land verseker word as selfs kinders (ons nageslag) deur die staat op skool en in die kerk (selfs tydens aanbidding) verdeel word? Hy het ook in *Beeld* (in Januarie 1990) 'n brief aan die minister van "blanke" Onderwys, Piet Clase, geskryf oor die handhawing van afsonderlike departemente van onderwys vir die onderskeie rasse. Hy wou weet hoe nasionale eenheid gehandhaaf kon word wanneer skoolkinders op grond van velkleur verdeel word en nie mag sosialiseer nie. Spoedig daarna het dié departement 'n nie-rassige departement geword.<sup>38</sup>

Op kerklike terrein het Van Wyk homself as 'n simplistiese, naïewe Afrikaner beskou. Dit het hom gepla dat hulle huishulp Sondae tuis moes bly om huiswerk te doen, terwyl die witman kon kerk toe gaan! Hy het homself afgevra: "Was dit die regte manier om die Sabbat te heilig?" Van Wyk se vrou kon tuis saam met die huishulp aanbid, maar in die openbaar was dit ontoelaatbaar. Binne die politieke klimaat in die land het hy besef dat die NG kerk die NP "in gebed is" - 'n kerkraadsvergadering kon 'n vurige debat ontketen, soos tydens 'n NP-vergadering, wat *ook* met skriflesing en gebed geopen word. Geloof en politiek was dus "bedmaats" vir dekades heen, aangesien die politieke situasie die kerk as sodanig goed te pas gekom het. Gedurende die vyftigerjare het Ben J Marais van die Pretoria-Oos NG-gemeente in sy boek "*Colour – unsolved problem of the West*" die mite verkondig oor die suiwerheid van bloed en ras en gewaarsku teen die negatiewe biologiese gevolge wat rassevermenging kon meebring. As Afrikaner-Christen was daar volgens Marais bepaalde regte en voorregte waarop aanspraak gemaak kon word. (Tog was dit ironies

---

<sup>37</sup> *Ibid.*, pp. 17-18.

<sup>38</sup> *Ibid.*, pp. 10, 17, 23 en 24.

dat hy na 1990 belydenis gedoen het oor apartheid en erken het dat die toepassing daarvan “sonde” was.)<sup>39</sup>

Van Wyk het ook in herinnering geroep dat in die sestigerjare, toe hy as Afrikaner-joernalis in ’n Engelsgedomineerde provinsie op die redaksie van *Die Natalier*, ’n weeklikse NP-koerant, was, hy tog gepoog het om apartheid te verdedig. As joernalis en akademikus het hy besef dat sy Christelike uitgangspunt van eenheid binne Christus nie so algemeen aanvaarbaar is nie. Tog kon hy binne die Nederduits Hervormde Sendingkerk, in ’n kleurling “township”, met die gemeentelede vrylik in Afrikaans oor kleurgrense heen kommunikeer en maklik hulle taal, geloof en wedervaringe buite die politiek deel. Hy kon ook met hulle identifiseer, aangesien hulle gemeenskaplike gevoelens gedeel het, byvoorbeeld die Boer/Brit-verdeeldheid, wat vergelyk kon word met die aparte kieserslysprobleem waarvoor die kleurlinge te staan gekom het. Ongelukkig was sosiale samesyn steeds nie moontlik nie, veral wanneer daar “konserwatiewe” Natte betrokke was.<sup>40</sup> Ten spyte van die gebreke binne die NP-beleid, het Van Wyk steeds ’n lojale kieser van die party, asook van Afrikaner-kultuurorganisasies, gebly. Tog is hy nie beskou as ’n ware Afrikaner nie, aangesien hy te veel “ongemaklike” vrae aangaande die beleid gevra het. Hy het besef om ’n “goeie” Afrikaner te wees ’n mens geduldig en stilswyend teenoor die party moes wees (behalwe as jy lofprysend teenoor die leiers opgetree het).<sup>41</sup>

Die ideologiese verskille wat tussen die behoudende elemente en die verligte Nasionaliste in die party ontstaan het, is tydens die Vorster-era voortgesit. Dit het in die vorm van die “verlig-verkrampstryd” die politieke toneel gedurende die sestigerjare oorheers<sup>42</sup>. Willem de Klerk het homself, en Van Wyk, as verligte Afrikaners beskou.<sup>43</sup> Hierteenoor het FW de Klerk homself as ’n agterbanker in die parlement beskou, en het dit nie sy plig geag om partypolitiek te bevraagteken nie. Hy het bloot die beleid geïmplementeer. Sy broer, Willem, het die uitdrukking, *to rock the boat* gebruik, maar het steeds lojaal teenoor die NP gebly, andersins kon hy as joernalis binne NP-geledere verwerp word. Hierdie stryd het tot die skeuring van die NP en die stigting van die Herstigte Nasionale Party (HNP) in 1969 gelei.

Na die NP-skeuring in 1969 was Van Wyk, as verligte Afrikaner, vir vyf jaar lank by die Universiteitskollege vir Indiërs in Durban se departement van Geskiedenis werksaam. Daar het hy sy politieke perspektief verbreed, maar spoedig negatiewe gevoelens van verkrampde Nasionaliste beleef. Opmerkings soos “Hoe kan jy met ’n Afrikaner-agtergrond veilig voel by ’n “coolie” kollege?”, is teenoor hom gemaak. Ook vanuit die studentegeledere was daar negatiewe gevoelens wat sy situasie feitlik

---

<sup>39</sup> *Ibid.*, pp. 10-11.

<sup>40</sup> *Ibid.*, pp.10-12.

<sup>41</sup> *Ibid.*, pp. 8 en 137.

<sup>42</sup> *Ibid.*

<sup>43</sup> *Ibid.*, p. 15.

ondraaglik gemaak het. Desnieteenstaande was daar ook vele mooi herinneringe aan Indiër-studente en 'n Indiër-skoolhoof wat vir hom 'n afskrif van George French Angas se boek *The kaffirs illustrated*, 'n baie waardevolle stuk Africana, gegee het. Hy wou dit graag aan Van Wyk, as verligte Afrikaner, skenk, aangesien hy geweet het sy eie nageslag sou dit by die lees daarvan vernietig. Vir Van Wyk was dit duidelik dat hy onder die Indiërs as Nasionalis aanvaarbaar was en dat dit nie gevoelens en oortuigings was wat Suid-Afrikaners van mekaar vervreem het nie, maar bloot wetgewing wat aan die Afrikaner outokratiese magte en beheer gegee het.

Afgesien van Van Wyk se persoonlike stryd rondom die rassekwessie, het hy steeds nie teen die NP gestem nie. Tog het hy 'n politikus soos TJA (Theo) Gerdener, voormalige direkteur van *Die Natalier*, wat van die NP weggebreek het om die Demokratiese Party (DP) te stig, se beleid ondersteun. Hy was egter nie bereid om sy NP-stem vir 'n DP-stem te verruil nie.<sup>44</sup> Van Wyk is ook telkens tydens vraetyd na openbare optredes heftig deur die gehore daarop gewys dat nasionalisme *slegs* onder Afrikaners bestaan en dat swartes nie vryheidsvegters was nie, maar terroriste, en dat swart nasionalisme nie bestaan het nie. Dit was bloot 'n swart mag wat blankes wêreldwyd wou vernietig!<sup>45</sup>

## 6. DIE ONRUSSITUASIE: VERLIGTES BEPLEIT SNELLER HERVORMING

Die verligtes het in die sewentigerjare gehoop dat hulle kritiese denke en politieke druk die pas van hervorming sou versnel, iets wat die vertrouenskrisis binne die regering vererger het. Sake soos die wysiging van die Groepsgebiedewet en magsdeling het egter Afrikaner-belange fundamenteel geraak en tot verdere wrywing tussen die regering, die verligtes en die pers gelei. Simbolies is verwys na die apartheidsmuur wat al meer moes verbrokkel om die weg te baan vir die totale ineenstorting daarvan om sodoende gelykheid tussen rasse moontlik te maak.

Afgesien van die onderskeie pogings om veranderinge en hervormings te versnel, was dit na die mening van swart jeuggroepe steeds te stadig. Onluste in swart gebiede het intenser geword. Met die skoliere-onrus op 16 Junie 1976 in Soweto en daarna in ander swart stadsgebiede was dit duidelik hoe wydverspreid swart verzet was. Dit het hoofsaaklik begin weens die verpligte gebruik van Afrikaans, die taal van die onderdrukker, in skole. Van Wyk het hierdie situasie vergelyk met dit wat lord Milner na die Anglo-Boereoorlog in 1902 aan die boere gedoen het, deur Engels die hoofmedium van onderrig te maak. Afrikaanssprekendes behoort dus die bitterheid en ontevredenheid van swartes te begryp, aangesien hulle (Afrikaners en/of hulle voorgeslag) 'n soortgelyke ervaring beleef het. Teen die middel van Augustus 1976

<sup>44</sup> *Ibid.*, pp. 15-17 en 20.

<sup>45</sup> *Ibid.*, pp. 25-26.

het die antagonisme teen Afrikaans spesifiek en die regeringsbeleid in die algemeen in so 'n mate momentum gekry dat sporadiese uitbarstings van geweld, waaronder gevegte met die polisie, brandstigting en plundery, oor die land versprei het. 'n Algemene gevoel van ontevredenheid onder die stedelike swartes oor hulle politieke magteloosheid, ekonomiese agterstand en sosiale onsekerheid het posgevat. Die regering se onverskilligheid oor hierdie griewe is as van die onmiddellike oorsake vir die onluste voorgehou. Piet Cillié het soos volg op die politieke onrusituasies gereageer: "As dit vir die Regering noodsaaklik geword het om die land militêr te verdedig, moet dit gedoen word om die toekomstige landsituasie te verbeter, nie om 'n politieke bestel, wat vir 'n groot deel van die bevolking onaanvaarbaar is, in stand te hou nie."<sup>46</sup> As gevolg van die politieke onrus het swart jeugdige oor die Suid-Afrikaanse grense gevlug om as guerrillavegters deur die ANC en PAC opgelei te word. Dit het geblyk dat die plofbare situasie vir die Afrikaners tydelik opgeklaar was en dat die NP in beheer was, tog was die regering daarvan bewus dat die Soweto-onluste meer negatiewe politieke en ekonomiese gevolge ingehou het as die Sharpeville-voorval van 1960.<sup>47</sup>

Verstedelike swartes, wat meer as 'n derde van die swart bevolking uitgemaak het, het 'n politieke faktor geword wat nie net die voortbestaan van die apartheidstaat as sodanig bedreig het nie, maar ook 'n gevaar vir die politieke mag van die Afrikanerminderheid ingehou het. Die regering moes kritiek aanhoor dat hy versuim het om betyds die probleem van die stedelike swartes te beredder. Daarom het Suid-Afrika tussen 16 Junie 1976 en 19 Oktober 1977 die prys vir die binnelandse onrus in die vorm van duisende miljoene rande buitelandse kapitaal, wat as gevolg van sanksies nie die land ingekom het nie, betaal. Ook was daar die jaarlikse uitvloei van blanke emigrante van meer as 3 000 Afrikaners wat die land gedurende 1977-1978 verlaat het. Die regering is daaraan herinner dat hy die kleurlinge van die Afrikaners vervreem het deur hulle te ontkieser. Voortaan sou militantheid die politieke styl van die stedelike swartes kenmerk. Die verligtes het beklemtoon dat onderhandelinge, en die sluit van alliansies oor kleur- en volksgrense heen, 'n groter rol sou moes speel voordat daar van 'n verenigde Suid-Afrika sprake sou wees waarbinne Afrikaners steeds medesegenskap sou hê. Die regering moes gevolglik dringend voorstelle vir 'n politieke skikking vir alle rasse begin oorweeg om as minderheidsregering steeds die mag te bly behou.<sup>48</sup>

<sup>46</sup> HJ du Bruyn, Vrees as faktor in die regste blanke politiek in Suid-Afrika sedert 1948: 'n historiese ontleding, M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1994, p. 109.

<sup>47</sup> A van Wyk, p. 21; Müller, p. 11 en Giliomee, pp. 58 en 594.

<sup>48</sup> B Lapping, *Apartheid a history* (Londen, 1977), p. 216; Du Bruyn, p. 110.

## 7. TEENSTRYDIGE BERIGGEWING IN DIE AFRIKAANSE PERS

Beriggewing ten tye van die 1976-onluste was uiteenlopend van aard. Dit kon beskou word as 'n weerspieëling van die politieke klimaat wat sedert die begin van die onluste in Afrikaner-geledere geheers het. Die meerderheid Engelstalige koerante het 'n meer gebalanseerde en minder emosionele beriggewing as die Afrikaanstalige koerante gehad. Hieruit kan die afleiding gemaak word dat die verligte Engelse leser meer bereid was tot politieke veranderinge as die deursnee Afrikaanssprekende leser wat as gevolg van vrees teen hervormings geskop het. Tog het die Afrikaanstalige pers gepoog om aan Afrikaners 'n nuwe loutsbestemming binne 'n regverdigte politieke bestel vir alle rasse te gee. In hierdie proses het die Afrikaanstalige pers van sy lojale lesers vervreem geraak en selfs ook een van die primêre teikens van regse wrewel geword.<sup>49</sup> *Die Burger*, met sy relatief neutrale standpunt, het die gevoelens van die verligte faksie in die NP beklemtoon, terwyl die oorblywende Afrikaanstalige koerante tot die behoudende Afrikaners in die NP, asook tot die ondersteuners van die HNP, gespreek het. Hierdie uiteenlopende koerantkommentaar het onsekerheid in Afrikaner-geledere tot gevolg gehad. Verlaas die behoudende NP-gesindes het die beoogde hervormings bevrage teken en sodoende kiesers oor die NP-koers laat twyfel.<sup>50</sup>

At van Wyk, wat die verligte redakteursienings ondersteun het, het die stryd tussen die Nasionale en die Afrikaanse koerante onderstreep. Hy het besef dat die pers in twee groepe verdeel was, naamlik die suidelike Afrikaanse Nasionale Pers in Kaapstad teenoor die noordelike Perskor-groep in Johannesburg. So byvoorbeeld is die Afrikaanse dagblad *Beeld* van die Nasionale Pers, onder redakteurskap van Schalk Pienaar, met 'n liberale beriggewing, as bedreiging vir die Nasionale in die Noorde en Perskor beskou. Van Wyk het daarop gewys dat AN Pelzer, bekende historikus en voormalige viserektor van die Universiteit van Pretoria, met bitterheid na dié liberale koerant (*Beeld*) verwys het en die beriggewing beskou het as “a kiss for the devil”. Pelzer was van mening dat 'n anti-nasionale Engelse koerant veel beter leesstof as *Beeld* bevat het.<sup>51</sup> Nasionale Pers in Kaapstad, as 'n gemeenskaps-gebonde instelling, wou sy geloofwaardigheid op twee vlakke handhaaf, naamlik as koerant wat die NP gesteun het én as bron van geloofwaardige inligting. Wat betref die geloofwaardigheid van Nasionale koerante was dit met die groeiende verdeling in die Nasionale Party al hoe moeiliker om te bepaal wat die ware Nasionale “boodskap” is. Koerante in die Nasionale Persgroep (*Die Burger*, *Beeld*, *Die Volksblad* en die *Oosterlig*) se benadering was om sterk steun te verleen aan PW Botha (SA se eerste minister sedert 1978) en sy party met wie die groep noue bande gehad het.<sup>52</sup>

<sup>49</sup> Du Bruyn, p. 112.

<sup>50</sup> *Ibid.*, pp. 113-114.

<sup>51</sup> A van Wyk, p. 26.

<sup>52</sup> Giliomee en Adam, pp. 215.

Die partydigheid vir Botha was selfs in beriggewing in 'n koerant soos *Die Burger* duidelik. Sodoende is die geloofwaardigheid van die betrokke koerant as nuusbron ingeboet. In verkiesingsuitslae was dit opvallend dat dié blad se nuusdekking nog baie gewig by die breë publiek van die Wes-Kaap gedra het, maar dat dit glad nie meer die groot invloed wat dit vroeër onder die Afrikaner-intelligensia gehad het, geniet het nie. Daarvoor was sy hoofartikels te emosioneel en sy partypolitieke aanslag te eensydig.<sup>53</sup>

Perskor (*Die Transvaler, Die Vaderland, Oggendblad* en *Hoofstad*), daarenteen, het soms 'n neutrale benadering binne die politieke krisis gevolg, aangesien die helfte van die groep se koerante verlig en die ander behoudend van aard was. In 'n partyskeuring, veral as dit op provinsiale grondslag sou geskied, kon die hele groep maklik na behoudend/verkramp oorswaai. As geheel het die groep nie met dieselfde gesag gesprek nie en het dit ook nie soveel invloed onder Nasionaliste as die koerante van Nasionale Pers gehad nie. 'n Koerant soos *Die Vaderland* het saam met *Beeld* van Nasionale Pers die voortou onder die Afrikaanstalige koerante geneem om die kiesers in te lig oor en voor te berei op politieke veranderinge en hervormings. Tog is kiesers verseker dat die Afrikaner se politieke mag nie prysgegee sou word nie. Volgens Van Wyk het Nasionale Pers in die suide dus vir dekades lank 'n diepgewortelde politieke stryd teen Perskor in die noorde gevoer.<sup>54</sup>

Die grootste probleem vir die Afrikaanse koerante as geheel was om hulle geloofwaardigheid as nuusblaaie te behou. Met soveel beperkende wette kon lesers byvoorbeeld al hoe minder oordeel of die Suid-Afrikaanse leër suksesvol aan die grens opgetree het, of die swart stadsgebiede rustig was en of daar nywerheidsvrede geheers het. Dit kon wees dat die pers genoodsaak was om die ware feite te verswyg en die beeld voor te hou van 'n land wat nie werklik probleme het nie, behalwe enkele sporadiese uitbarstings. 'n Verdere probleem vir die pers was die kloof tussen blankes en swartes wat so groot geword het dat dit waarskynlik onmoontlik vir 'n koerant was om vir Johannesburg én Soweto te skryf en sy winsgewendheid te behou. Dit het bygedra tot een van die belangrikste politieke krisisse in die land.<sup>55</sup>

## 8. VAN WYK BREEK WEG VAN DIE NP

Afgesien van die politieke stryd in die pers, het At van Wyk teen die middel van die tagtigerjare weggebreek van die NP omdat hy ontnugter was met PW Botha se onvermoë om hervorming deur te voer. Hy het gevolglik in 1987 en 1989 teen die NP gestem. Vir Van Wyk was sy keuse om weg te breek traumaties, want hy het

<sup>53</sup> *Ibid.*, pp. 215-216.

<sup>54</sup> *Ibid.*, pp. 216-221 en A van Wyk, p. 26.

<sup>55</sup> Gilliomee en Adam, p. 216.

gevoel hy breek weg van sy “wortels”.<sup>56</sup> Tog het hy en ander verligtes gevoel dat hulle bygedra het tot die sukses van die NP-onderhandelinge in die negentigerjare, waartydens ’n oorgangsgrondwet beding en ’n bloedige rewolusie verhoed is. Dit het uiteindelik tot ’n vreedsame verkiesing gelei. Hierdie Grondwet is deur 86% van Suid-Afrika se bevolking in die 1994-verkiesing aanvaar. Dit het ’n inklusiewe demokrasie daargestel, wat aan elke individu in die land ’n sinvolle bestaan kon bied, maar ongelukkig het dit die Afrikaner se vrese oor ’n identiteitskrisis na vore laat kom.<sup>57</sup>

Hierdie identiteitskrisis het daartoe aanleiding gegee dat Chris Louw, ’n voormalige joernalis, in Mei 2000 in *Beeld* ’n brief aan Willem de Klerk geskryf het in reaksie op sy boek *Kroes, kras, kordaat*. Hierdie boek het tot ’n nasionale debat, bekend as die “Boetman-debat” in *Beeld* aanleiding gegee. Hierop het Afrikaners hulle woede oor hulle leiers en angste oor hulle identiteitskrisis uitgestort. Baie van dié Afrikaners het met Louw se beskuldigings saamgestem en ander het hom van rassisme en naïwiteit beskuldig, omdat hy hom laat mislei het en nie self die onregverdigheid van apartheid ingesien het nie. Louw se beskuldigings dat Willem de Klerk en die verligtes in die “voorste loopgrawe” van apartheid was en dat hulle die Afrikaner-jeug mislei het deur geloofwaardigheid aan die apartheidstelsel te verleen, was van alle waarheid ontbloot.<sup>58</sup>

## 9. SLOTGEDAGTES: DIE VERLIGTES AS WEGBEREIDERS VIR DEMOKRASIE

Sedert 1948 is die apartheidsbeleid beskou as die eindresultaat van die strewe van ’n groep Afrikaner-nasionaliste na magsbehoud en Afrikaner-oorheersing wat deurgaans as belangrik beskou het. Aanvanklik het die Afrikaanstalige pers gepoog om dié beleid in praktiese politiek te omskep en steun vir die NP te werf. Aangesien hierdie beleid geensins aan die politieke verwagtinge van die anderskleuriges voldoen het nie, en omdat hulle die morele regverdigbaarheid van apartheid betwyfel het, het andersdenkende, verligte Afrikaners en koerantredakteurs begin om apartheid te bevraagteken. Tog was dit vroeë met voorbehoud en in die gees van onderlinge Afrikaner-broederskap. Die verligtes het hulleself nie net as Afrikaners beskou nie, maar ook as deel van ’n blanke groep en daarom het hulle aanvaar dat die regering ook Engelssprekendes en later anderskleuriges moes insluit. Hierdie benadering het die bal aan die rol gesit vir ’n meer verligte politieke bestel. Vernuwende denke het later gevolg.<sup>59</sup>

<sup>56</sup> A Van Wyk, pp. 8 en 137.

<sup>57</sup> C Nelson, "n Kritiese beskouing van die RSA se oorgangsgrondwet", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 21(1), Junie 1996, p. 48.

<sup>58</sup> A van Wyk, pp. 8 en 137.

<sup>59</sup> *Ibid.*

Binne Afrikaner-geledere het daar met verloop van tyd groter afstand tussen die NP en die verligtes (soos koerantredakteurs en akademici soos Van Wyk) ontstaan, aangesien hervorming van die apartheidsideologie deur groter kontak oor taal- en kleurgrense heen, bewerkstellig sou word. Tog is die foute van apartheid selde na buite en teenoor diegene wat daaronder moes ly, erken. Van Wyk en die Afrikaanstalige pers het selde fundamentele ideologiese kritiek uit 'n oortuigde mensbeskouing teen apartheid uitgespreek. Van Wyk het apartheid op 'n lang pad met vele ontnugterings en laagtepunte aangehang, tot hy besef het dat hierdie beleid nie kon werk nie en dat dit moreel onaanvaarbaar was. Hy het geglo aan die regverdige verdeling van mag vir alle rasse. Afrikaners moes dus steeds 'n regmatige aandeel aan 'n demokraties-verkose regering hê, waarbinne hy as Afrikaner in eie reg kon voortbestaan.<sup>60</sup>

Die belangrikste nalatenskap van die betrokke koerantredakteurs en verligtes, mense soos At van Wyk, was dat hulle die Afrikaner laat nadink het oor die moraliteit van apartheid en om oop en ontvanklik te wees vir verandering en hervorming. Hulle was die wegbereiders vir die wegbeweeg van apartheid na samewerking en saambestaan. Dit het aanleiding gegee tot die ontwaking van die Afrikaner se gewete en die daaropvolgende bevraagtekening van die aanvaarde norme wat die hervormings onder PW Botha en FW de Klerk en die nuwe Suid-Afrika moontlik gemaak het.

Van Wyk het homself beskou as 'n Christengelowige en 'n Nasionalis binne die konteks van sy Suid-Afrikanerskap. Hy was bereid om deel van 'n oop en demokratiese gemeenskap te word. Hy wys daarop dat die NP gepoog het om teen die nie-rassige stroom van wêreldmenings na die Tweede Wêreldoorlog op te tree en apartheid teen die internasionale etiese bewussyn te regverdig. Hy spreek die wens vir 'n algemene nasionaliteit uit, met een vlag en volkslied en glo dat die etniese verskille in die nuwe Suid-Afrika erken sal word en dat daar plek sal wees vir Afrikaners as deel van die totale nasie van Afrikane.<sup>61</sup> In sy veelsydige loopbaan het hy daarin geslaag om sy mede-Suid-Afrikaners (blank en nie-blank) op gelyke voet te hanteer en hy het 'n besliste invloed op die Afrikaner-denke gehad. Saam met ander verligtes het hy meegehelp om die weg te baan om staatspresident FW de Klerk se toespraak, tydens die opening van die parlement op 2 Februarie 1990, moontlik te maak. Dit het in alle opsigte 'n nuwe era in die Suid-Afrikaanse politiek ingelui. De Klerk se toespraak het Suid-Afrika onherroeplik op 'n nuwe koers geplaas.<sup>62</sup> Die vrylating van Nelson Mandela op 11 Februarie 1990 het 'n era afgesluit en 'n nuwe hoofstuk ingelui wat verreikende gevolge vir die Afrikaner-politiek sou inhou. Die NP-regering kon nie deur hervorming sy mag en beheer behou nie, en moes

---

<sup>60</sup> AH van Wyk, p. 21.

<sup>61</sup> A van Wyk, pp. 8 en 137.

<sup>62</sup> Mouton, At van Wyk, p. 126.



oorgaan tot 'n demokratiese regeringstelsel in 1994, waarbinne medeseggenkap, medebesluitneming en magsdeling binne 'n demokratiese Suid-Afrika erken sou word. Dit is ongetwyfeld so dat die linkse en regse pers in Suid-Afrika, sowel as die verligtes, 'n deurslaggewende rol gespeel het om die publiek ingelig te hou en menings te verander gedurende die uitfasering van apartheid as politieke bestel.<sup>63</sup>

---

<sup>63</sup> A van Wyk, pp. 8 en 137.